## HOëRSKOOL PRETORIA-NOORD
## BEHEERLIGGAAM

Privaatsak X05
PRETORIA-NOORD
0116
administrasie@pnhs.co.za

H/v Berglaan en Eeufeesstraat
PRETORIA-NOORD
(012) 546-6590
(012) 546-9463


# PNHS: AKADEMIES, KURRIKULÊRE- EN BUITEKURRIKULÊRE AKTIWITEITE BELEIDSDOKUMENT


## PNHS Akademiebeleid

**1.1** **Doel:** Om 'n eenvormige beleidsdokument daar te stel vir alle akademies om te gebruik as rigtingwyser rakende interne probleme en die oplossing daarvan. Die dokument moet ook dien as standaard rigtingwyser oor hoe die akademies bestuur en geadministreer moet word.

**1.2** **Verskillende Akademies:** Akademie Skakeling, Atletiek Akademie, Kultuur Akademie,
Krieket Akademie, Restaurant Akademie, Sagtebal Akademie, Rugby Akademie, Netbal Akademie, Swem Akademie, OVP Leierskap Akademie, Hokkie Akademie, Akademie vir Akademie, Skaak/Tennis Akademie .


| | |
|---|---|
| UITVOERENDE KOMITEE: | Mnr. TNJ van der Walt ***(Voorsitter)***, Mnr.A Meyer ***(Onder-Voorsitter)***, Mnr. CJC Driescher ***(Skoolhoof)***, Mnr. S Samons***(Tesourier)***, Mev. R Rheeder***(Sekretaresse)***. |
| OUERLEDE: | Mev. L Scholtz **(Dissipline)**, Mnr. J Lombard ***(Skakeling Akademies)*** , Mev M Booy **(Voorkoms en Simbole)**, Mnr W Slabbert **(Veiligheid en Sekerheid)**, Mev. E Potgieter ***(Leierskap)***, Mev. Talita Potgieter ***(Leerderprestasies)***, Mev. C Agenbag***(Kultuur)*** |
| OPVOEDERLEDE: | Mej. A Schulenburg***(Voorraad & Toerusting)***, Mnr. Louis Dekker ***(Bemarking)*** |
| NIE-OPVOEDERLEDE: | Mnr. N Venter ***(Sport)*** |
| LEERLINGLEDE: | **UK-Lede**: Mej. Lorin Dewey, Mnr Allen Stroeboel en Mej Valmarie de Lange |

## Organogram: PNHS Akademies:




### 1.3 Doel van die akademies

- Om ouer inspraak en betrokkenheid by die aktiwiteite van PNHS te bevorder
- Om 'n forum te skep waar ouers 'n positiewe en sinvolle bydrae tot die ontwikkeling van buite kurrikulêre aktiwiteite by PNHS kan lewer.
- Om akademies uit te bou en te bestuur tot voordeel van die skool. Om beleid te formuleer wat verteenwoordigend is van die breër ouergemeenskap vir voorlegging aan en goedkeuring deur die beheerliggaam.
- Om die bestuur van die skool te ondersteun om gedissiplineerde deelnemers aan en toeskouers van aktiwiteite by PNHS te bevorder.
- Om die skoolbestuur te ondersteun met algemene reëlings van aktiwiteite by die skool.
- Om die dag tot dag bestuur van die akademies by die skool te behartig.

- Om te help met fondsinsamelingsprojekte om aktiwiteite wat by die skool aangebied word verder te ontwikkel.
- Om die skool ten alle tye in sy totaliteit te dien.
- Om 'n gees van eensgesindheid in die skool te skep tussen ouers en skoolbestuur.
- Om die skoolbestuur so te ondersteun dat PNHS werklik 'n skool van uitnemendheid kan word.

## 1.4 Samestelling

- 'n Akademie moet ten minste 'n Voorsitter, sekretaris en tesourier hê met verdere ouer verteenwoordiging verkieslik uit elke graadgroep, wat saam met die organiseerder, hoofafrigter en afrigters as uitvoerende bestuur vergader. Hierdie bestuur word elke 3 jaar verkies en voorgelê aan die beheerliggaam vir bekragtiging.
- 'n Bestuurslid kan slegs op 'n akademie dien, indien hy/sy n kind in die skool het wat deelneem aan daardie aktiwiteit.
- Enige ouer wat 'n kind het in die skool wat deelneem aan daardie betrokke aktiwiteit het die reg om 'n vergadering by te woon en 'n stem uit te bring.
- Alle akademies ressorteer onder Akademie Skakeling wat as skakel tussen die verskeie akademies en die beheerliggaam dien.
- Indien die beheerliggaam voel dat 'n akademie nie na behore bestuur word nie, sy funksies nie nakom nie, of dat so 'n akademie nie die belange van die skool dien nie, kan die beheerliggaam sodanige akademie ontbind.

## 1.5 Werksaamhede

- Moet ten minste 1 maal per kwartaal gehou word, maar kan meer gereeld plaasvind na gelang van omstandighede.
- Vergaderings moet via die organiseerder vroegtydig op die kwartaalprogram geplaas word via die dagbestuur van die skool.
- Akkurate notules moet van die vergaderings geneem word en kwartaallikse verslae moet aan die voorsitter Akademie Skakeling oorhandig word met aanbevelings duidelik aangedui vir bekragtiging deur die beheerliggaam.
- Alle voorsitters en organiseerders moet minstens 1 keer per kwartaal saam met die Voorsitter vir Akademie Skakeling vergader, waar verslag gelewer word oor die werksaamhede van die akademie en skriftelike verslae oorhandig word vir voorlegging en bekragtiging deur die beheerliggaam.
- Geen brief kan deur 'n akademie aan die ouergemeenskap gestuur word sonder dat dit op 'n beheerliggaam- of skoolbriefhoof is, en mede-onderteken is deur die skoolhoof of die voorsitter van die beheerliggaam nie.

**1.6 Algemene reëls**

- Elke akademie is verantwoordelik vir gladde wisselwerking tussen lede, skool, ouers en ander akademies
- Elke akademie is verantwoordelik vir die nakoming van alle skoolreëls, voorskrifte, reëls en regulasies en kodes. Dit sluit in gedragskodes, klerekodes, dissiplinêre kodes, protokol ens.
- Hierdie dokument kan as breë verwysings raamwerk gebruik word met die opstel van so 'n dokument .
- Buite afrigters en die betaling van sodanige afrigters deur die skool, beheerliggaam of ouers moet vooraf deur die beheerliggaam goedgekeur word.

## 2. Sport en Kultuurbeleid van PNHS

### 2.1 Gedragskode vir Toeskouers/Ondersteuners

**Toeskouers behoort:**

- Te onthou dat kinders aan sport deelneem vir hulle plesier.
- Goeie individuele vertonings deur alle spelers en spanne te erken.
- Beslissings deur skeidsregters en wedstrydbeamptes te eerbiedig.
- Nooit enige speler, beampte, mede-toeskouer of afrigter verbaal aan te val of af te kraak nie.
- Alle spelers positief aan te moedig.
- Nie op 'n speler skree nie, skree vir haar/hom.
- Alle spelers, ongeag die span waarvoor sy speel, aan te moedig.
- Nie spelers af te kraak nie.
- Te onthou dat ons slegs besig is met 'n spel.
- Ouers wat nie aan hierdie gedragskode voldoen nie kan verbied deur die hoof en/of beheerliggaam word om aktiwiteite by te woon op die gronde van PNHS in gevolge departementele regulasies.

### 2.2 Dissipline en verskille

- Enige dissiplinêre aangeleenthede ten opsigte van leerders moet na die akademie verwys word wat dan intern opgelos moet word en indien nie suksesvol is nie, word dit verwys na die Voorsitter van Akademie Skakeling. Met Sport akademies moet dit ook na die Hoof van Sportverwys word vir verdere aksie en indien nodig van daar verwys word na die hoof en die beheerliggaam.
- Enige swak dissipline deur ouers moet na die akademie verwys word en sal dieselfde roete as hierbo volg.
- Enige verskille tussen die verskillende akademies wat nie uitgesorteer kan word nie moet die bogenoemde roete volg.

- Enige interne verskille onder akademie lede, afrigters en ouers moet soos hierbo hanteer word.
- Enige verskille oor fasiliteite, oefentye, wedstryde wat bots of enige ander administratiewe reëlings moet na die Hoof van Sport verwys word.

### 2.3 Spankeuses

- Proewe en uitdunne sal in elke sportsoort plaasvind.
- Oefengroepe word in die voorseisoen saamgestel
- Proewe sal eers plaasvind indien al die betrokke leerders in die bepaalde ouderdom teenwoordig is.
  Dit sluit dus nuwe leerders in wat aan die begin van die jaar inskryf.
- Riglyne vir ouderdom soos vasgestel deur Gauteng Sport word gevolg.
- Eerstespanspelers word verkieslik uit 0/15-, 0/16-, 0/17- en 0/18-ouderdomsgroepe saamgestel
- Slegs met baie goeie motivering mag 'n 0/14-speler oorweeg word (Sien beleid hieronder).
- Die betrokke afrigter is verantwoordelik vir die keuse van spanne.
  In die geval van eerstespanne moet 'n onafhanklike keurder teenwoordig wees.
  Met die keuse van spanne moet die leerders en die skool se belange op die hart gedra word. Die beginsel van die beste speler word gekies behoort ten alle tye gevolg te word.
- Verduideliking behoort aan 'n speler gegee word waarom hy/sy na 'n laer span afgeskuif word en raad gegee word oor hoe hy/ sy die basiese vereistes kan bereik.
- 'n Afrigter is ook 'n aanmoediger en motiveerder en moet in noue kontak met die spelers wees.
  Ons werk met kinders en nie beroepsportlui nie.
-

#### 2.3.1. Sportbeleid t.o.v. kies van jonger spelers vir ouer ouderdomsgroepe

'n Speler sal in sy/haar ouderdomsgroep deelneem soos deur die speler se geboortedatum bepaal. Die beleid maak egter voorsiening vir die insluiting van 'n uitsonderlike O/16 speler in die senior ouderdomsgroep. By rugby maak die beleid egter voorsiening vir die insluiting van 'n O/15 sowel as 'n O/16 speler wat aan die kriteria voldoen.

**<u>KRITERIA</u>**

1. Die betrokke speler moet in die geval van hokkie en netbal in haar O/16 jaar wees om te kwalifiseer. In die geval van rugby kan 'n O/15 speler ook kwalifiseer.

2. In die geval van hokkie moes die speler reeds in die ouderdom O/14 en O/15 provinsiaal deelgeneem het. In die geval van netbal en rugby moes die speler in die O/13 ouderdom provinsiaal deelgeneem het.
3. By rugby kan daar ook op versoek van die BBRU 'n speler soos genoem kwalifiseer om vir die senior span te speel.
4. So 'n speler moet ook uitstaan as 'n uitsonderlike talent wie se bevordering na die seniorgroep sal verseker dat die speler inderdaad beter sal ontwikkel en vorder.
5. Die betrokke speler moet liggaamlik en emosioneel volwasse genoeg wees om teen die senior spelers te kan deelneem.
6. ***Met verdere uitsondering dat 'n speler wat noodgedwonge benodig word vir 'n spesifieke posisie in die 1ste span omdat daar geen ander senior speler wat op dieselfde vlak beskikbaar is nie, aangewend mag word in 'n 1ste span met goedkeuring van die volle Akademie Voorsitters Vergadering en met verdere verstande dat die uitsondering wat gemaak word vir aanwending deur die Beheerliggaam bekragtig word.***

## PROSES WAT GEVOLG MOET WORD

Die volgende proses moet ten alle tye noukeurig en stiptelik gevolg word:

1. Die afrigter van die senior span kan 'n speler wat in alle opsigte aan die kriteria voldoen identifiseer.
2. Die betrokke afrigter moet die aangeleentheid met die betrokke speler se afrigter bespreek. Beide die afrigters moet saamstem dat dit in die beste belang van die kind sal wees indien sy/hy by die senior span aangewend word.
3. Die aangeleentheid moet dan voor die hoofafrigter dien wie dan ook die aangeleentheid met die speler se ouers moet bespreek.
4. Die hoofafrigter moet die aangeleentheid aan die sportkoördineerder voorlê.
5. Die sportkoördineerder en hoofafrigter sal dit dan aan die betrokke Akademie voorlê en motiveer.
6. Die betrokke akademie moet hulself vergewis dat so 'n stap tot voordeel van die kind sal wees. Die Akademie moet ook verseker dat so 'n stap nie tot die drastiese verswakking van die jonger span sal lei nie.
7. Die Akademie moet ook verseker dat 'n senior speler wat dieselfde rol in die span kan vertolk nie deur so 'n handeling benadeel sal word nie en 'n senior speler moet in hierdie geval ten alle tye bevoordeel word in so 'n besluit.
8. **Die Akademie Voorsitter sal dan saam met die Sportkoördineerder en Hoofafrigter 'n voorlegging en motivering aan die volle Akademie Voorsitters vergadering gee.**
9. **Die volle Akademie Voorsitters Vergadering sal dan 'n meerderheidsbesluit neem. Die voorsitter van hierdie vergadering sal dan hierdie besluit laat bekragtig deur die Beheerliggaam.**

**RIGLYNE:**

1. Die betrokke speler moet werklik kop en skouers uitstaan.
2. Dit sal van waarde wees indien die mening van 'n onafhanklike kenner ingewin kan word.
3. Indien 'n speler opgeskuif het, kan hy /sy glad nie meer by sy /haar ouderdom span aangewend word nie. Hierdie proses moet behoorlik aan speler en ouers deurgegee word.
4. Deurlopende kommunikasie met die sportkoördineerder, die Akademie en die hoof is van die uiterste belang.

**DOEL VAN BELEID**

Die doel van die beleid is NIE om die deur vir elke speler oop te maak om van ouderdomsgroep te verwissel nie, maar is uitsluitlik daar vir die bevordering van 'n speler met uitsonderlike talent en wat voldoen aan die kriteria.

### 2.4 Reëlings van Toere

- Geen privaat toere mag gereël word nie en alle toere word onder die vaandel van die skool gereël en daar moet ten alle tye aan departementele regulasies voldoen word.
- Alle toere val onder die jurisdiksie van die skool en word gereël volgens die LUK vir Onderwys se regulasies (Kennisgewing 1189 van 2012).
- Beoogde toere en uitstappies van langer as 1 dag en buite die grense van die provinsie moet 3 maande voor die beoogde toerdatum by die skool ingehandig word volgens die direkte voorskrifte. Alle 1 dag toere, wedstryde en uitstappies moet ten minste 1 maand voor die tyd by die skool ingehandig word.
- 'n Volledige toerprogram met 'n aanduiding van wie die toesighouers op die toer gaan wees, moet ook vooraf aan elke ouer van leerders wat op die toer gaan verskaf word deur die organiseerder van sodanige toer.
- Toerverslag en rekonsiliasie moet na die toer ingehandig word by die voorsitter vir Akademie Skakeling vir voorlegging aan die beheerliggaam.

### 2.5 Finansies

- **Akademies moet 'n aktiewe rol speel in die begrotings proses van die skool ten einde te verseker dat behoefte tov afrigting, aanskaf van toerusting en lopende uitgawes korrek gekwantifiseer is.**
- Elke akademie ontvang daarna n begroting per jaar en daar moet streng by die begroting gehou word
- Dit is die Tesourier en voorsitter se plig om te verseker dat daar by die begroting gehou moet word
- Geen voorskotte sal aan enige akademie voorsien word nie tensy in uiters uitsonderlike gevalle en met die goedkeuring van die beheerliggaam. Die

beheerliggaam behou die reg voor om die geld terug te eis van die volgende jaar se begroting in so 'n geval.

- Maandelikse rekonsiliasies moet gedoen word en enige probleme of verkeerde transaksies moet vroegtydig met skool se Krediteure afdeling uitgesorteer word. 'n Verslag oor sodanige transaksies moet aan die voorsitter vir Akademie Skakeling voorgelê word vir voorlegging aan die beheerliggaam.
- Aankope word gedoen in ooreenstemming met die Finansiële Beleid van die skool.
- 'n Bestelvorm moet volledig voltooi word en 'n bestelnommer moet verkry word vir alle beoogde aankope.
- Bestelvorms word voorgelê aan die skoolhoof en die tesourier vir goedkeuring, voordat aankope gedoen word.
- Vir aankope bo R 2500-00 moet drie kwotasies voorgelê word.
- Die aankoper is verantwoordelik om toe te sien dat die goedere wat ontvang word korrek is en moet die afleweringsnota of faktuur onderteken as bewys van die korrektheid daarvan.
- Die aankoper is verantwoordelik om toe te sien dat die faktuur by die Finansies kantoor ingehandig word vir betaling.
- Enige aankope moet waar nodig vergesel word van drie kwotasies en moet goedgekeur word deur Voorsitter Finansies en Hoof.
- Die faktuur en betalingsversoek moet Krediteure afdeling betyds bereik sodat die betaling voorgelê kan word op die vasgestelde tye wanneer betalings afgeteken word. Geen uitsonderings tensy met krediteure en Voorsitter Finansies so gereël.

**Sportbeleid van die Hoërskool Pretoria-Noord aanvaar en goedgekeur**

11de **dag van** Junie 2015.

| | BEHEERLIGGAAM VOORSITTER | HOOF | DISTRIK DIREKTEUR |
|---|---|---|---|
| **Voorletters en Van** | TNJ vd WALT | CJC DRIESCHER | |
| **Handtekening** | [signature] | [signature] | |
| **Datum** | 11/6/2015 | 11/6/2015 | |

PNHS

# HOëRSKOOL PRETORIA-NOORD BEHEERLIGGAAM

Privaatsak X05
PRETORIA-NOORD
0116
administrasie@pnhs.co.za

H/v Berglaan en Eeufeesstraat
PRETORIA-NOORD
(012) 546-6590
(012) 546-9463

## ADDENDUM TOT KURRIKULÊRE EN BUITE KURRIKULÊRE AKTIWITEITE - BELEIDSDOKUMENT

1. **Hokkie:**

1.1 **Spankeuses:**

Eerstespan spelers **vir dogters** word verkieslik uit O/17 en O/18 –ouderdomsgroepe saamgestel .
Eerstespan spelers **vir seuns** word verkieslik uit O/14; O/15; O/16; O/17 en O/18 ouderdomsgroepe saamgestel (soos wat die belangstelling groei en meer spanne ingeskryf word vir jaarlikse seunsliga's, sal die beleid aangepas word).

2. **Swem:**

2.1 **Spankeuses:**

Daar word aanvaar dat leerders wat vir die swemspan aanmeld reeds alle swemslae kan swem.

Uitdunne vir die swemspan sal plaasvind tydens die Interhuisgala wat plaasvind op die eerste Maandag nadat die skooljaar geopen het. Hierdie datum mag wel gewysig word. Die Interhuisgala vind plaas by Pretoria-Noord munisipale swembad, maar indien omstandighede dit noodsaak, mag die gala geskuif word na 'n ander swembad wat aan dieselfde standaarde voldoen.

Riglyne vir ouderdom soos vasgestel deur Gauteng Sport word gevolg.

Aangesien swem nie 'n brutale kontaksport is nie, en daar in sekere items 'n tekort aan beskikbare swemmers mag wees, kan daar van tyd tot tyd van jonger swemmers verlang word om in ouer ouderdomsgroepe deel te neem. Hierdie stap mag egter slegs geneem word indien die betrokke swemmer wel vrywillig toestemming verleen daartoe.

UITVOERENDE KOMITEE: Mnr. TNJ van der Walt *(Voorsitter)*, Mnr.A Meyer *(Onder-Voorsitter)*, Mnr. CJC Driescher *(Skoolhoof)*, Mnr. S Samons*(Tesourier)*, Mev. R Rheeder*(Sekretaresse)*.
OUERLEDE: Mev. L Scholtz **(Dissipline)**, Mnr. J Lombard ***(Skakeling Akademies)*** , Mev M Booy **(Voorkoms en Simbole)**, Mnr W Slabbert **(Veiligheid en Sekerheid)**, Mev. E Potgieter ***(Leierskap)***, Mev. Talita Potgieter ***(Leerderprestasies)***, Mev. C Agenbag***(Kultuur)***
OPVOEDERLEDE: Mej. A Schulenburg***(Voorraad & Toerusting)***, Mnr. Louis Dekker ***(Bemarking)***
NIE-OPVOEDERLEDE: Mnr. N Venter ***(Sport)***
LEERLINGLEDE: **UK-Lede**: Mej. Lorin Dewey, Mnr Allen Stroeboel en Mej Valmarie de Lange

## 3. Rugby:

### 3.1 Spankeuses:

So vroeg as moontlik in Januarie sal daar in oorleg met die sportkoördineerder 'n proewedag gereël word vir alle ouderdomme. Na afloop van die proewe sal die afrigters in samewerking met die Hoofafrigter verantwoordelik wees vir spankeuses. Spelers mag slegs buite hulle ouderdomsgroep deelneem indien dit toegelaat word deur BokSmart en daar voldoende aansoeke voor voltooi is. Indien dit deur die Blou Bulle Rugby Unie versoek word kan 'n speler ook aan 'n ouderdomsgroep hoër deelneem.

## 4. Netbal:

### 4.1 Spankeuses:

Riglyne vir ouderdom soos vasgestel deur Gauteng Sport word gevolg. Eerstespanspelers word verkieslik uit O/17- en O/18-ouderdomsgroepe saamgestel In alle ander ouderdomsgroepe kry die speler se ouderdomsgroep voorkeur. Indien daar surplus spelers is en daar is 'n tekort in ouer ouderdomsgroepe, kan sodanige jonger speler opgetrek word om in die ouer groep te speel.

Sodra 'n speler in 'n seisoen "op" gespeel het in 'n A-span, mag so speler nie weer terug gaan na haar eie ouderdomsgroep nie.

Indien 'n speler reeds in die O/14 ouderdomsgroep val, maar steeds in die laerskool is, sal sodanige speler toegelaat word om reeds in te skakel by PNHS se O/14 groep. So speler sal toegelaat word om saam met haar maats die voorprogram te volg en daarna die proewe by te woon. Sodanige speler sal in 'n O/14 span opgeneem word indien suksesvol by die proewe met die veronderstelling dat sy by PNHS ingeskryf gaan word in die daaropvolgende jaar.

Die beleid maak voorsiening vir die insluiting van 'n uitsonderlike o/16 speler in die senior ouderdomsgroep.

Die betrokke speler moet in die geval van netbal in haar O/16 jaar wees om te kwalifiseer vir die eerste span. Die speler moes reeds in die ouderdom O/14 en O/15 provinsiaal deelgeneem het.

So 'n speler moet ook uitstaan as 'n uitsonderlike talent wie se bevordering na die seniorgroep sal verseker dat die speler inderdaad beter sal ontwikkel en vorder.

### 4.2 Kies van afrigters en vergoeding:

Aanbevelings vir afrigters vir 'n daaropvolgende jaar moet deur hoofafrigter aan akademie voorgelê word, tussen Augustus en Oktober elke jaar. Die akademie sal stem oor die aanstelling van afrigters.

Indien enige ouer 'n bydrae wil maak vir 'n afrigter, kan sodanige bydrae in akademie inbetaal word by die skool en vra dat dit na 'n spesifieke span geallokeer word. Geen ouer sal toegelaat word om enige bydrae direk aan 'n afrigter te betaal, al is sodanige afrigter deur die akademie aangestel.

Indien nodig, sal die voorsitter, onder voorsitter en hoofafrigter 'n paneel vorm, waar onderhoude met kandidate gedoen sal word.

Die bogenoemde reëlings moet deur die beheerliggaam goedgekeur word.

**4.3 Klubnetbal :**

Spelers en ouers behou die reg voor om hulle kinders in te skryf vir klubnetbal van hulle keuse.

Die akademie erken die reg wat spelers het om provinsiale kleure te verwerf solank sodanige provinsie geaffilieer is by NSA (Netbal Suid-Afrika).
Die hiragie by netbal skool-klubnetbal-provinsie.
Provinsie is geregistreer by NSA(Netbal Suid-Afrika).
Geen speelster kan aan NSA toernooie deelneem as hulle nie eerstens by 'n klub geregistreer is nie en dan tweedens moet die klub by 'n provinsie geregistreer wees.
Speelsters neem deel in die O/19, O/21 Kampioenskappe en in uitsonderlike gevalle Senior Kampioenskappe.
Alle NSA toernooie word deur SASKOK erken en aangebied in samewerking met SASKOK, NSA/SASKOK erken nie AVS of Aksie Netbal nie.

Alhoewel dit die dogters en ouers se keuse is of hul AVS sal speel al dan nie, moet die betrokke persone ingelig word rondom SASN beleid, in spesifiek hoe dit die span kan affekteer.

Aksie Netbal word geklassifiseer as 'n sosiale sport.

**4.4 Toekennings by Merietefunksie**

Trofee sal op verdienstelikheid toegeken word.
Trofee word toegeken in spanverband. Wanneer 'n speler "op" speel, of vir die eerste span speel, verbeur so speler haar reg om in haar eie ouderdomsgroep in aanmerking te kom, en sal slegs in aanmerking kom vir die span waarin sy gespeel het.
Elke afrigter moet die spelers nomineer wat volgens hom/haar in aanmerking moet kom vir 'n trofeë.

Sodanige nominasies word op 'n gesamentlike vergadering tussen afrigters en netbal akademie bespreek, waartydens die finale besluit gemaak sal word.
Indien daar verskille tussen afrigters en netbal akademie is, sal sodanige verskille na hoër gesag by die skool verwys word.

Erekleure en half erekleure sal volgens die skool se merietebeleid goedgekeur word. Provinsiale spanne waarin buite skoolverband gespeel word (klubnetbal) word erken vir die toekenning van erekleure onderhewig daaraan dat sodanige klub deur SASKOK erken word.

Die trofee vir die beste spelers in die onderskeie ouderdomme sal gaan na die speler wat die verste gevorder het (bv provinsiale kleure verwerf het) . Indien daar 'n dispuut is tussen 'n speler met Gauteng kleure, verwerf in skole netbal, en 'n speler wat dit in 'n ander provinsie met klubnetbal, ontstaan, sal die speler wat die Gauteng kleure verwerf het die toekenning kry, aangesien Gauteng gesien word as die eerste keuse wanneer dit by proewe kom.

Beste vordering is in die afrigter se diskresie. In die senior groep is daar een beste vordering trofee, indien daar dispuut ontstaan, sal die speler in die eerste span die trofee ontvang.

Vir die toekennings beste netbaldoel, beste senterblok speler, en beste verdedigerblokspeler, word alle spelers van O/14 tot 1 ste span in ag geneem indien daar provinsiale spelers was. Die posisie moet hulle eerste keuse posisie wees, waarin die meeste van die wedstryde gespeel is. Indien daar geen provinsiale spelers was nie, sal die toekenning gaan na spelers uit die eerste span.

## 5. Krieket:

### 5.1 Spankeuses:

- Net en kolfblad proewe sal plaasvind indien moontlik.
- Ouers en onderwysers moet waar moontlik nie hulle eie seuns afrig nie. Afwyking van die reël moet deur die akademie goedgekeur word.
- Oefengroepe word in die voorseisoen saamgestel.
- Riglyne vir ouderdom soos vasgestel deur Gauteng Sport word gevolg.
- Eerstespan spelers kan **uit alle ouderdomsgroepe saamgestel** word aangesien daar nie n O/16 liga is nie en krieket nie n brutale kontaksport is nie.
- Die benadering is dat dit al klaar n bitter moeilike stap vir 'n O/15 is om in 'n senior span te speel omdat daar nie onder 16 spanne is soos by ander sport soorte en dus sal die 1 jaar na O/14 nie 'n wesenlike verskil maak aan talentvolle spelers nie.

## 6. Sagtebal:

### 6.1 Spankeuses:

Proewe sal plaasvind in die begin van die Sagtebal seisoen waarby soveel moontlik leerders in die bepaalde ouderdom teenwoordig is. Dit sluit dus nuwe leerders in wat aan die begin van die jaar inskryf.

Riglyne vir ouderdom soos vasgestel deur Gauteng Sport word gevolg.

**6.2 Afrigters:**

Alle afrigters word deur die Akademie aangestel.
Afrigters word vir 'n tydperk van een jaar aangestel.
Besoldiging van Afrigters word deur die Akademie bepaal.

## 7. Atletiek:

### 7.1 Spankeuses:

Die kies van 'n span vir verskillende kompetisies, sal na gelang van die grootte en samestelling vir die spesifieke kompetisie bepaal word. Die volgende beginsels sal van krag wees:

'n Atleet kan in sy/haar eie of enige ouer ouderdom as sy/haar eie ouderdomsgroep gekies word indien dit die span sal versterk, maar mag nie by dieselfde byeenkoms in meer as een ouderdomsgroep deelneem nie, behalwe in 'n geval waar die betrokke item nie in die atleet se ouderdom aangebied word nie.

Indien 'n atleet egter kwalifiseer vir provinsiale proewe en -verteenwoordiging sal die betrokke Internasionale (IAAF) en nasionale (ASA) en provinsiale (AGN) reëls van toepassing wees, wat bepaal dat geen atleet buite sy/haar ouderdom mag deelneem indien daar by dieselfde byeenkoms dieselfde item in sy/haar eie ouderdom aangebied word nie.

Interhuis uitslae sal as primêre proewe dien vir die hoofseisoen, met veranderinge wat gedurende die seisoen kan plaasvind soos atlete in hul item verbeter.

Die volgende kriteria word spesifiek aangewend vir die kies van die top 20:

### 7.2 Top 20 Span

Slegs ouderdomme O/15,O/17, en O/19. O/14, O/16 en O/18 atlete moet dus in hoer ouderdomsgroep deelneem.
Die APE(2012-2015)-tabelle word gebruik om wenners van die byeenkoms te bepaal.
'n Span bestaan uit 10 seuns- en 10 dogtersatlete.
Seuns- en Dogters totale word bepaal deur die span(seuns en dogters apart) se beste 16 prestasies plus die punt van die Sweedse Aflos (100m-200m-300m-400m).
Atleet mag slegs aan 2 items deelneem. Slegs 2 atlete per item, m.a.w daar mag bv. net twee O/15 Seuns in die 100m deelneem.

Kriteria:
Atleet se beste 2 items (APE tabelpunt).
Atleet wat 1 uitstaande item het. (APE tabelpunt).
Atleet wat oorweeg kan word vir die aflositem.

Interhoër uitslae sal as primêre bron gebruik word om spanne vir die voorseisoen byeenkomste (TOP 10, TOP 12 en TOP 30) te kies, maar kan na gelang van die beskikbaarheid van atlete aangepas word om voorsiening te maak vir leerders wat tydens die voorseisoen aan ander sporte deelneem.
Kriteria vir die spesifieke byeenkomste word ter illustrasie hierby ingesluit:

**7.3 Top 10**

ABSA tabelle word gebruik om wenners van die byeenkoms te bepaal.
Span bestaan uit 10 seuns en 10 meisies.
Slegs 2 atlete per item.
Geen verdere beperkings.
Ouderdomme O/14-O/19.

**7.4 Top 12**

Ouderdomme O/14 - O/17.

ABSA tabelle word gebruik om wenners van die byeenkoms te bepaal.

Span bestaan uit 20 seuns en 20 meisies.

Verpligte items: 4 Hekkies, 4 Naellope, 4 Spronge, 4 Worpe.
2 Middelafstande (800m, 1500m), 2 Langafstande(3000m), enige 10 ander items = 30 items per span.

Maksimum 2 atlete per item; maksimum 6 atlete per ouderdomsgroep.
2 items per atleet.

**7.5 Top 30 Span**

Ouderdomme O/14-O/19.
ABSA tabelle word gebruik om wenners van die byeenkoms te bepaal.

Span bestaan uit 20 seuns en 20 meisies.
Verpligte items: 4 Hekkies, 4 Naellope, 4 Spronge, 4 Worpe, 3 Middelafstande (800m, 1500m), 2 Langafstande(3000m, 2000m Hindernis), enige 10 ander items = 30 items per span.

Maksimum 2 atlete per item; maksimum 6 atlete per ouderdomsgroep.
2 items per atleet.

Die organiseerder in oorleg met betrokke afrigters is verantwoordelik vir die keuse van spanne.
Met die keuse van spanne moet die leerders en die skool se belange op die hart gedra word. Die beginsel van die beste atleet word gekies behoort ten alle tye gevolg te word.

**Addendum tot Buite Kurrikulêre van die Hoërskool Pretoria-Noord aanvaar en goedgekeur**

11de dag van Junie 2015.

| | BEHEERLIGGAAM VOORSITTER | HOOF | DISTRIK DIREKTEUR |
|---|---|---|---|
| **Voorletters en Van** | TNJ VD WALT | CJC DRIESCHER | |
| **Handtekening** | [signature] | [signature] | |
| **Datum** | 11/6/2015 | 11/6/2015 | |